lapa
UITGEWERS

© Publikasie:LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel.: (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: René Badenhorst en Sandy du Plessis 2015

Geset in 10 op 13 pt Arial
Grafiese uitleg deur Full Circle

Hierdie teks mag vir opvoedkundige doeleindes gratis versprei en gekopieer word. Geen gedeelte van hierdie teks mag egter vir kommersiële doeleindes aangewend word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Gerook

Eldridge Jason

’n Onderwysersgids

deur
René Badenhorst en Sandy du Plessis

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoudsopgawe

A	Voorgestelde werkswyse	5
B	Luister na ’n resensie	6
C	Moontlike vrae oor elke hoofstuk	10
D	Antwoorde van die moontlike vrae	20
E	Notas oor literêre begrippe	30
F	Praataktiwiteite	33
G	Skryfaktiwiteite	36
H	’n Onderhoud met Eldridge Jason	38
Rubrieke: skryftake		42

A Voorgestelde werkswyse

Hierdie gids is vir die onderwyser bedoel en behoort nie vir leerders gekopieer en uitgedeel te word nie. Dit is bloot ’n riglyn met voorbeelde van aktiwiteite en vrae wat aangepas kan word.

Die vrae oor elke hoofstuk moet beantwoord (en bespreek) word soos die hoofstukke klaar gelees is. Nie alle woorde en uitdrukkings wat in die woordelys opgeneem is, het vrae oor nie. Verwys dus na die woordelys om die betekenis daarvan na te slaan.

Om effektiewe onderrig te verseker, moet die vrae afgerol en aan elke leerder uitgedeel word. Sien dit saam met die leerders na en oorweeg beslis alternatiewe antwoorde.

By ’n paar hoofstukke is daar ook vrae wat ’n klasbespreking kan inisieer. Dit staan die onderwyser vry om self ekstra vrae by te voeg om sinvolle klasbesprekings te voer.

Die notas oor die literêre begrippe moet met die leerders bespreek word. Die bespreking is op ’n vlak wat voldoende vir die Senior Fase-leerder is.

Omdat hierdie gids met die oog op Senior Fase-leerders opgestel is, word daar aanbeveel dat die boek in die klas gelees word. Die onderwyser kan self voorlees of die leerders die kans gee om hardop te lees. Laasgenoemde kan ook moontlike leesprobleme vroegtydig uitwys.

Daar is aktiwiteite ingesluit wat vir **Luister en Praat** of vir **Skryf en Aanbied** gebruik kan word. Dit kan as formele assesseringstake dien of bloot vir verryking gedoen word. Daar is ook rubrieke in die gids ingesluit indien een van die take formeel geassesseer word.

’n Insiggewende **onderhoud met die skrywer** is ook ingevoeg.

B Luister na ’n resensie

Hierdie luisteraktiwiteit kan as ’n **formele assesseringstaak (Luister en Praat)** aangebied word. Dit behoort afgehandel te word voordat die roman gelees word.

Pre-luister

- Voer ’n kort klasbespreking oor lees en tienerboeke. Vra byvoorbeeld wie van lees hou en wie nie. Hoekom/Hoekom nie? Watter tipe boeke word gelees? Wie lees net Engels en hoekom?
- Maak voorspellings: Waaroor sal ’n boek met die titel *Gerook* handel?
- Gee wenke vir leerders hoe om effektief te luister. Verduidelik dat dit ’n vaardigheid is wat aangeleer moet word en dat daar deurentyd gesif moet word watter inligting belangrik en watter minder belangrik is. Gee ook wenke hoe om kernnotas af te neem. Volsinne is byvoorbeeld nie nodig nie.

Tydens luister

- Lees die teks stadig maar gevoelvol voor. Benadruk dele in vetdruk.
- Lees die vrae.
- Leerders mag nou notas begin afneem, terwyl die teks vir die tweede en laaste maal voorgelees word.
- Lees die vrae en gee leerders telkens die geleentheid om dit te beantwoord. Dit is wenslik dat ’n vraag nie hier herhaal word nie. Dit is immers ’n luistertoets!

Post-luister

- Sien die antwoorde volgens die memorandum na. Indien dit nie vir ’n formele assesseringstaak gebruik word nie, kan leerders mekaar s’n nasien.

Resensie

Joan Hambidge resenseer Eldridge Jason se *Gerook*, wat in 2013 deur Lapa uitgegee is.

Gerook is die **debuut** van Eldridge Jason. Dis ’n **tienerroman** wat op ’n verrassende wyse die gevare van dwelms **onder die loep neem**. Tog is dit nie prekerig nie. Die skrywer vertel eerstens ’n **verhaal**, ’n **storie:** Cobie hou vakansie by sy ouma op **Vaalberg**. Dié Weskusdorpie is egter nie ’n vervelige ruimte nie, want Cobie word gekonfronteer met twee **booshede: tik** en **inbrake**.

Goeie jeugverhale skep ’n geleentheid om ’n belangrike lewenswaarheid oor te dra. **As dit egter prekerig of inmengerig klink, sal dit die leser met ’n sterk verbeelding afskrik**. **Moderne tegnologie** moet ook aan bod kom en in hierdie verhaal is daar **MXit-verwysings**, **Facebook** en selfs ’n verwysing na *Sewende Laan*.

Eldridge Jason gebruik **suiwer Afrikaans** in sy roman wat **afgewissel** word **met “djy” en woorde soos “cool”**. In ’n handige woordelys word begrippe wat buite die wit leser se ervaringswêreld staan, verduidelik soos brasse (vriende), kin (meisie), gepiemp (verklik), merts (dwelmhandelaars), en so meer. In ’n onderhoud op Litnet erken die skrywer ook dat hy almal teen die gevare van tikverslawing wil waarsku omdat hy presies weet wat dit behels.

Op ’n boeiende wyse ontgin die skrywer die **moderne wêreld** van **inbrake**, **bedrog en leuens** – ’n wêreld van gevare.

Die outeur kritiseer en waarsku deur die monde van sy karakters teen die gevare van gulsigheid en bedrog. **Om rykdom na te jaag, kan jou suur bekom**.

As ek ’n varkoor gooi, maak hierdie roman alreeds opslae. **Dis net vaak ape wat hierdie boek nie sal geniet nie**.

[Verwerk uit: *Woorde wat Weeg*, 27 Oktober 2013]

Vrae

1. Wie is volgens die resensent die teikenleser van *Gerook*? (1)
2. In watter jaar is *Gerook* gepubliseer? (1)
3. Skryf die naam van die uitgewer neer. (1)
4. Wie is die resensent? Eldridge Jason of Joan Hambidge? (1)
5. Sê in jou eie woorde wat dit beteken as *Gerook* Eldridge Jason se “debuut” is. (1)
6. Wat beteken die uitdrukking om iets “onder die loep te neem”, soos in “wat ... die gevare van dwelms onder die loep neem”? (1)
7. Gee ’n sinoniem (’n woord met min of meer dieselfde betekenis) vanuit die teks vir “verhaal”. (1)
8. Op watter dorp aan die Weskus speel *Gerook* af? (1)
9. Met watter twee booshede word Cobie op Vaalberg gekonfronteer? (2)
10. Watter geleentheid word volgens die resensent deur goeie jeugverhale geskep? (1)
11. Wat sal die gevolg wees op ’n leser met ’n sterk verbeelding as die boodskap prekerig aangebied word? (1)
12. Noem een verwysing na moderne tegnologie wat in hierdie verhaal voorkom. (1)
13. Is dit ’n feit of ’n mening dat suiwer Afrikaans in die boek met byvoorbeeld Engelse woorde afgewissel word? (1)
14. Noem drie gevare wat die moderne wêreld volgens die resensent kenmerk. (3)
15. Verduidelik in jou eie woorde: Om rykdom na te jaag, kan jou suur bekom. (1)
16. Waar of onwaar: Die resensent beveel die boek aan. (1)
17. Sal die resensie jou nuuskierig gemaak het oor wat in die boek gebeur? Motiveer jou antwoord. (1)

[20]

Memorandum

1. tieners ✓ (1)
2. 2013 ✓ (1)
3. Lapa ✓ *(Verduidelik vir die leerders waarvoor dit staan: Lees Afrikaans Praat Afrikaans)* (1)
4. Joan Hambidge ✓ (1)
5. Dit is sy **eerste** boek/verhaal/(tiener)roman. ✓ (1)
6. Dit beteken om dit **noukeurig te ondersoek/om dit te bespreek/om ernstig daaroor te praat.** ✓ (1)
7. storie ✓ (1)
8. Vaalberg ✓ (1)
9. tik ✓ en inbrake ✓ (2)
10. Dit kan ’n belangrike lewenswaarheid oordra. ✓ (1)
11. Dit sal hom/haar afskrik. ✓ (1)
12. Enige een: Mxit / Facebook (1)
13. Feit ✓ (1)
14. Inbrake ✓, bedrog ✓, leuens ✓ (3)
15. Om ryk te wil wees of net geld te wil hê, kan vir jou moeilikheid bring of negatiewe gevolge inhou ✓. *(Oorweeg soortgelyke antwoorde)* (1)
16. Waar ✓ (1)
17. Ja + eie logiese motivering. / Nee + eie logiese motivering.✓ *(Slegs ’n goeie motivering verdien die punt.)* (1)

[20]

C Moontlike vrae oor elke hoofstuk

Hoofstuk 1

1. *Die ou wat besluit het om hierdie plek Vaalberg te noem, het sweerlik iets gerook.*
   1.1. Wat verwag jy van ’n plek met die naam Vaalberg? Noem ten minste twee dinge.
   1.2. Word “gerook” hier denotatief (letterlik) of konnotatief (figuurlik) gebruik?
   1.3. Motiveer kortliks jou antwoord by 1.2 deur te verduidelik wat Cobie bedoel as hy sê dat die ou iets gerook het.
   1.4. Gee twee redes hoekom Vaalberg se naam ironies is. Ironie is wanneer die teenoorgestelde bedoel word van wat gesê of verwag word. Byvoorbeeld iets word gesê, MAAR iets anders word bedoel.
   1.5. Wat kan, volgens Cobie, moontlik die rede wees dat die dorpie Vaalberg heet?
2. Soeklees bladsy 5 en som die kenmerke van Vaalberg in een paragraaf op. As jy ’n teks soeklees, lees jy die teks om bepaalde inligting te kry.
3. Benoem die beeldspraak in “die vissersbootjies wat soos ’n ry miere die seewater invaar”.
4. Hoekom is Cobie gedurende die Desembervakansie by sy ouma op Vaalberg?
5. *Hy is nie eers seker waarheen sy ma-hulle dié keer is nie ...*
   Watter twee dinge oor Cobie se ouers kan jy hieruit aflei?
6. *Sy protes is met meer as genoeg kroon gestil en hy moes maar sy lippe zip.*
   6.1. Gee ’n sinoniem vir “kroon” in die konteks.
   6.2. Wat beteken die uitdrukking “sy lippe zip”?
7. Het oumie Anna en Cobie ’n goeie verhouding? Motiveer jou antwoord.
8. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en **motiveer** jou antwoord **volledig**: Cobie se tuisdorp is nie Vaalberg nie.
9. Wat mis Cobie van die stad wat met Vaalberg kontrasteer? Vluglees bladsy 6 en 7 vir ’n volledige antwoord. As jy ’n teks vluglees, lees jy die teks om ’n algemene oorsig te kry.
10. Cobie is deur twee van sy vriende genooi om saam met hulle met vakansie te gaan. Wie het hom waarheen genooi?
11. Watter assosiasie maak jy met die bynaam Harre? [Wenk: Hoe word hy beskryf?]

12. Hoe oud is Cobie?
13. Watter houding van Cobie in die motor op pad Vaalberg toe het sy ongelukkigheid met sy ouers se planne te kenne gegee?
14. Benoem die beeldspraak: “Dit vat omtrent ’n halwe jaar vir die wysers van die horlosie om net tot by twaalfuur in die middag te loop.”
15. Watter raad gee oumie Anna vir Cobie as hy kla dat hy verveeld is?
16. Skryf die eerste voorbeeld van personifikasie op bladsy 8 neer.
17. Verduidelik in jou eie woorde wie Sêra is.
18. Hoekom dink Cobie Sêra hou van hom?
19. Wat beteken dit in die konteks hier as ’n meisie ’n “dakskroef” is?
20. Wat is Cobie se doopnaam en hoekom wil hy nie hê sy vriende moet dit hoor nie?
21. Watter twee afleidings kan ons maak uit die fyn sweetdruppeltjies wat op oumie Anna se voorkop is?
22. Watter karaktertrek van oumie Anna word in hierdie hoofstuk deur die volgende twee voorbeelde beklemtoon: Sy maak self koffie sodat daar nie suiker verlore gaan nie en sy maak nie haar vensters oop nie uit vrees dat verbygangers mossels gaan bedel.
23. Oumie Anna vra vir Cobie om vir haar asyn by die winkel te gaan koop.
    23.1. Is hy lus om winkel toe te stap?
    23.2. Hoekom stem hy tog in?
24. Watter waarskuwing rig oumie Anna aan Cobie voordat hy die huis verlaat?
25. Waarom ag Cobie nie hierdie waarskuwing as belangrik nie?

Hoofstuk 2

1. Voltooi: ’n Harder en ’n maasbanker is ’n tipe _____.
2. Wat verkies Cobie bo seekos?
3. Hoe sluit die voorkoms van die *Vaalberg Superette* by die idee aan dat tyd baie stadig op die platteland verbygaan?
4. Kyk na die volgende woordeboekinskrywing uit die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal:

   re·ses’sie s.nw. (-s) **1** Teruggang, insinking, o.a. in ’n siektetoestand. **2** (*ekon.*) Periode van verminderde algemene ekonomiese bedrywigheid, gekenmerk deur ’n afname in produksie, winste, werkgeleenthede en verkope, wat nie so ernstig of langdurig is as ’n depressie nie: *’n resessie in nywerheidsontwikkeling*.

   4.1. Verwys “resessie” op bladsy 12 na die eerste of tweede woordeboekbetekenis?

4.2. Skryf die uitdrukking op bladsy 12 neer wat beklemtoon dat dit lyk of Vaalberg al lankal deur ’n resessie getref is en nie eers onlangs saam met die res van die wêreld nie.
4.3. Uit hoeveel lettergrepe bestaan die woord “resessie”?
4.4. Skryf die woord “resessie” neer en onderstreep die lettergreep wat beklemtoon word.
4.5. Watter woordsoort is “resessie”?
4.6. Gee die meervoudsvorm van “resessie”.

5. Gee ’n goeie Afrikaanse woord vir “brasse”.
6. Verduidelik in jou eie woorde wat Cobie bedoel as hy sê dat die kanse groter is dat Rooijan met Donald Duck sal brasse wees as met iemand soos Donald Trump.
7. Noem ten minste drie bewyse dat Rooijan se winkel nie floreer nie.
8. Verduidelik hoekom Rooijan op bladsy 12 ongemaklik is.
9. Word die uitdrukking dat Rooijan “die handdoek ingooi” denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord.
10. Tot watter komiese situasie lei die feit dat Rooijan nie Engels kan praat nie (verwys na bladsy 12-13)?
11. Dink jy dit was reg van Cobie om met Rooijan die spot te dryf en Engels te begin praat? Motiveer jou antwoord.
12. Waaraan, meen Cobie, het Rooijan sy naam te danke?
13. Lei af watter kleur die mense op die gastehuis se stoep is. Motiveer jou antwoord.
14. Hoe kontrasteer die area van Vaalberg waarlangs Cobie terugstap met die res van die dorp?
15. Benoem die beeldspraak in “Sy oë swem in die trane”.
16. Hoekom het Cobie nie gesien dat daar iemand op die klip sit waar hy gaan staan het nie?
17. Slaan in die woordelys na wat die uitdrukking “om mense vir ’n pop te vat” beteken.
18. Slaan in die woordelys na wat “wim gemaak” beteken.
19. Verduidelik sover moontlik in jou eie woorde hoe oulike meisies Cobie laat voel en wat gebeur as meisies in sy rigting loer.
20. Watter kenmerk van Zena word deur haar dialoog uitgebeeld?
21. Verduidelik die gesegde: “Aanval is die beste wapen.”
22. Wat bedoel Zena as sy sê sy “moet ’n lange gooi”?
23. Hoe weet Cobie dat Zena nie van Vaalberg afkomstig is nie?
24. Wat is die rede(s) dat Cobie wil uitvind wat die grootmensdinge is waarmee Zena haarself besig hou?

Vir ’n klasbespreking:

Dink jy Cobie het reg opgetree deur die beweging wat sy oog gevang het, af te maak as bloot ’n seeumeeu? Wat sou jy in ’n soortgelyke situasie gedoen het?

Hoofstuk 3

1. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en motiveer jou antwoord: Cobie stel belang wat in die wêreld aangaan.
2. *Zena en die middag se gebeure hardloop in sy kop rond.*
   2.1. Benoem die beeldspraak.
   2.2. Verduidelik wat met die uitdrukking bedoel word.
3. Hoekom is Zena “hoog uit sy league”?
4. Hoekom is dit ongewoon vir Cobie om Lady Zee se MXit-uitnodiging te aanvaar?
5. *Heita? Wat klink djy soes daai ad op TV? lol*
   5.1. Heita beteken hallo. Hoe sluit die betekenis by dit wat geadverteer word, aan? [Wenk: Heita, of 8.ta, se naam het in 2014 na Telkom Mobile verander.]
   5.2. Watter ander uitdrukking wat vir groet gebruik word, kom op hierdie bladsy voor?
   5.3. Skryf “TV” voluit.
6. Wat beteken die volgende *slang*-uitdrukkings?
   6.1. lol
   6.2. a/s/l kanalla
   6.3. g2g
   6.4. Mwah!
7. Wat laat Cobie dink dat Lady Zee eintlik Zena kan wees?
8. Benoem die beeldspraak: “Vir nou is sy status update ’n vraagteken wat met vakansie op Vaalberg is.”
9. Kies die korrekte vorm van beeldspraak: “snorkland” is ’n voorbeeld van personifikasie / ’n vergelyking / ’n metafoor.

Hoofstuk 4

1. Wat beteken dit om vroeg uit die vere te wees?
2. Zena loop verby Cobie sonder om hom te groet.
   2.1. Hoe laat dit hom aanvanklik voel?
   2.2. Hoe voel hy enkele oomblikke daarna?
   2.3. Hoe reageer Cobie as sy weer verby hom stap?

3. Hoe weet Cobie en die lesers dat Zena nie Lady Zee is nie?
4. Waarom wil Zena vir Cobie by Klipkop ontmoet?

Hoofstuk 5

1. Wat beteken “om haar ’n kaart te skiet” in die konteks van hierdie hoofstuk?
2. Hoekom laat Cobie se gesig hom in die steek?
3. Wat probeer Zena by Cobie uitvind?
4. Zena se buie wissel binne sekondes. Wat is die verskoning wat sy hiervoor aanvoer?
5. Wat beteken die uitdrukking “iets vreet aan haar”?
6. Watter waarskuwing rig Zena tot Cobie?
7. Zena gee verrassende nuus vir Cobie oor die verwantskap tussen hulle. Wat is die verwantskap?

Hoofstuk 6

1. Hoe weet ons vanuit paragraaf 1 van hierdie hoofstuk dat Cobie ontsteld is?
2. *Sy kop zoem.*
   2.1. Wat beteken die uitdrukking “sy kop zoem”?
   2.2. Van watter twee dinge “zoem” Cobie se kop?
3. Wat beteken dit as iets jou vir ’n ses geslaan het?
4. Hoe sou jy gevoel het as jy skielik uitvind dat jy ’n tannie het wat jy nie geweet het bestaan nie? Motiveer jou antwoord.
5. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en motiveer jou antwoord: Cobie-hulle was nog altyd gewoond daaraan om ryk te wees.
6. Watter voertuig bestuur Cobie se pa?
7. Waar het Cobie-hulle gebly voordat hulle Kuilsrivier toe getrek het?
8. Watter afleiding kan ’n mens maak as Cobie na sy pa verwys as “die man van amper te min woorde, Pappa Lotto”?
9. Skryf die volgende sin in Standaardafrikaans oor: Kort voor djou arrival is ’n security guard vermoor.
10. Verbeter die taalfout in: Die arme man se kop was papgeslaan.
11. Hoekom is Zena op Vaalberg?
12. Slaan in die woordelys na wat “bos los” beteken.
13. Watter versoek rig Lady Zee aan Cobie?
14. Watter **tegniek** gebruik die skrywer om spanning oor die vaak apies op te bou? Verduidelik.

Hoofstuk 7

1. Hoe kan ons aflei dat Cobie nie ’n goeie nagrus gehad het nie?
2. Benoem die beeldspraak in “toe sy selfoon se alarm hom ... wakker gil”.
3. Hoekom maak Cobie die afleiding dat Zena die vorige aand ’n partytjie bygewoon het?
4. Hoekom is dit ironies dat Zena rook?
5. Verduidelik die kontras tussen Cobie se pa soos Zena hom onthou en hoe hy nou volgens Cobie is.
6. Watter ooreenkoms sê Zena het Cobie met sy pa?
7. Wat beteken die uitdrukking “sy gooi ’n varkoor”?

Hoofstuk 8

1. Gee ’n goeie Afrikaanse vertaling vir “jitz view”.
2. Wat gebeur op Vaalberg as die son sak?
3. Verduidelik in jou eie woorde wat “vaak apies” is.
4. Gee sinonieme op bladsy 44 vir “vaak apies”.
5. Hoekom wil Zena se base hê Cobie moet Lady Zee ontmoet?
6. Op bladsy 45 word “teen die karre geskop” konnotatief gebruik.
   6.1. Verduidelik wat daarmee bedoel word.
   6.2. Wat sal dit beteken as dit denotatief gebruik word?
7. Aan watter tipiese Willemse-karaktertrekke voldoen Cobie volgens Zena?

Hoofstuk 9

1. Waarheen is Cobie aan die begin van hierdie hoofstuk op pad?
2. Waarheen vertel hy vir sy ouma gaan hy?
3. Waarom glo Cobie het sy ouers nog nie agtergekom dat hy al gedrink het nie?
4. Slaan in die woordelys na wat “berk” beteken.
5. Gee twee bewyse op bladsy 51 dat Kenny nie ’n mooi vel het nie.
6. Wat is die “Agge” waarna Kenny verwys?
7. Hoekom is Kenny se bynaam waarskynlik Mielies?
8. Verduidelik wat Cobie bedoel as hy sê dat Kenny en Colgate nie juis op goeie voet is nie.
9. Hoe weet Cobie Kenny-hulle is die groep mense waar hy meer inligting oor die inbraaksindikaat en die tiknes op Vaalberg kan kry?
10. Waarheen nooi Kenny Cobie vir die volgende aand?

11. Hoe verskil die Beyoncé wat Kenny aan Cobie voorstel liggaamlik van haar R&B-naamgenoot?
12. Waarom voel Cobie paniekerig as Kenny en Lizette hom en Beyoncé alleen los?

Hoofstuk 10

1. Wat het Cobie gedoen nadat Kenny en Lizette die *tavern* verlaat het?
2. Wat het Cobie volgens oumie Anna die vorige aand gedoen toe hy by die huis kom?
3. Wat was oumie Anna se reaksie die volgende oggend op hierdie gedrag van Cobie?

Hoofstuk 11

1. Skryf die eerste metafoor op bladsy 60 neer.
2. Op bladsy 58 gebruik Cobie die woord “babelaas”. Soek op bladsy 60 ’n sinoniem daarvoor.
3. Wat is Harre se volle naam?
4. Word “koeitjies en kalfies” denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord.
5. Is Zena jammer oor die klap wat sy Cobie gegee het? Motiveer jou antwoord.

Hoofstuk 12

1. Hoeveel kilometer is Saldanha van Vaalberg af?
2. Slaan in die woordelys na wat “gesaaf” beteken.
3. Hoekom kry Cobie ’n hol kol op sy maag en voel hy nie meer so dapper toe hulle voor Stupa se Jaart stop nie?
4. Wat dink jy bult aan die *bouncer* se sy wat, volgens Cobie, beslis nie spiere is nie?
5. Die *bouncer* se naam is Pretty.
   5.1. Waarom is die naam ironies?
   5.2. Verduidelik hoekom sy stemtoon ironies is.
6. Slaan in die woordelys na wat “coupling” beteken.

Hoofstuk 13

1. Hoekom is Cobie verras met Stupa se Jaart?
2. Verduidelik waarom Lizette voel dat Cobie baie waag.
3. Wat laat Cobie besef dat Kenny reeds bedwelmd is nog voordat hulle saam begin tik?
4. Noem twee dinge wat Lizette oor Kenny met Cobie deel.
5. Watter ontstellende nuus deel Lizette Cobie oor haar omstandighede mee?
6. Hoekom moet Cobie op die ou end vir Lizette huis toe neem?
7. Waarom het Lizette die skool verlaat?
8. Slaan in die woordelys na wat 'n "gatta" is.
9. Wie bevestig aan Cobie dat Kenny deel van die inbraaksindikaat is?

Hoofstuk 14

1. Gee twee redes hoekom die stilte op pad terug Vaalberg toe nie vir Cobie gepla het nie.
2. Aan watter gevolg van tikgebruik herinner Lizette Cobie?
3. Wie, sê Lizette, is die baasbrein agter die inbraaksindikaat? Verduidelik in jou eie woorde wat sy daarmee bedoel.
4. Watter nuus deel Lizette met Cobie oor die vermoorde sekuriteitswag?
5. Waarom hou Cobie van musiek?
6. Hoekom dink jy het Cobie "geen worries" nie, alhoewel hy in die moeilikheid by sy ouers oor sy gedrinkery is?

Hoofstuk 15

1. *Om nie die newe-effekte van tik te voel nie, tjoef gebruikers maar weer en sodoende, volgens professor dokter Harre, word hulle in tjoef se gruwelike kloue vasgevang.*
   1.1. Hoe begin tikverslawing volgens Harre?
   1.2. Wat suggereer die titel "professor dokter" oor Harre en sy kennis van tik en tikverslawing?
2. *"En hoekom is Ouma se oë so groot?" vra Zena.*
   Cobie snap dadelik Zena se sarkastiese verwysing.
   2.1. Na watter sprokiesverhaal verwys Zena?
   2.2. Waarop dui haar woorde eintlik?
3. Wat beteken die uitdrukking "in 'n mens se mond mors"?
4. Watter nuwe leidraad kan Cobie vir Zena oor die inbraaksindikaat gee?

5. Sê in jou eie woorde wat in die boodskap staan wat Lady Zee aan Cobie stuur.
6. Hoekom gehoorsaam Cobie nie die waarskuwing van Lady Zee nie?
7. Hy kan maar netsowel oop kaarte met Lizette speel.
   7.1. Wat beteken dit om oop kaarte met iemand te speel?
   7.2. Hoekom is Lizette ontsteld as Cobie haar van alles vertel?
8. Watter inligting gee sy vir hom oor die *Townian*?
9. Waarna verwys Kenny se “mieliestronke”?
10. Wat gebeur met Lizette en Cobie aan die einde van hierdie hoofstuk?

Hoofstuk 16

1. Wat is Cobie se ergste vermoede wat bevestig word?
2. Wat is die funksie van die woorde wat kursief gedruk is?
3. Hoe probeer sy pa sy betrokkenheid by die inbraaksindikaat regverdig?
4. Verduidelik hoekom dit ironies is dat Cobie se pa hom altyd vertel het dat leuens ’n mens nêrens bring nie.
5. Cobie se pa het ander planne oor Cobie se vakansie gehad.
   5.1. Waarheen wou hy gehad het moes Cobie vir die vakansie gaan?
   5.2. Wie se idee was dit om Cobie na sy ouma op Vaalberg te stuur?
6. Watter innerlike konflik ontstaan by Cobie oor sy pa?
7. Wie kom tot Cobie se redding?
8. *Dit voel of ’n onsigbare hand hom ’n vuishou teen sy skouer gee.*
   8.1. Voltooi die volgende sin: Die “onsigbare hand” word ’n beeld van die _____ wat Cobie tref.
   8.2. Wie is daarvoor verantwoordelik?
9. Op bladsy 94 en 95 is daar twee verwysings na bloed. Die een word denotatief gebruik, terwyl die ander een konnotatief gebruik word. Haal die twee verwysings aan, sê of dit konnotatief of denotatief gebruik word en verduidelik die betekenis.

Vir ’n klasbespreking:

Hoe sou jy gevoel het as jy uitgevind het dat jou pa by iets onwettigs betrokke is net sodat hy vir julle gesin ’n beter lewe kan bied? Wat sou jy gedoen het?

Hoofstuk 17

1. Hoe weet ons daar is tydsverloop tussen hoofstuk 16 en 17?
2. Waar speel hierdie hoofstuk af?
3. Hoe eindig die verhaal vir Kenny?
4. Hoekom sê Cobie se ma daar behoort geld oor te wees om van te lewe, alhoewel daar op van sy pa se geld beslag gelê sal word?
5. Watter verrassing het Ma vir Cobie?
6. Hoe eindig die verhaal vir Lizette?
7. Watter verband is daar tussen Lady Zee en Lizette?
8. Hoe het Lizette Cobie se selfoonnommer in die hande gekry?
9. Hoekom het Lizette vir Cobie by alles betrek?
10. *Maak nie saak wat vaak apies met hul vaak gedagtes try nie, die beat van die lewe roep sterkere.*
    Watter hoopvolle boodskap dra dié aanhaling aan die lesers oor?
11. Watter insig toon Cobie hier aan die einde van die roman wat maak dat ons hom as ’n ronde karakter kan klassifiseer?

D Antwoorde van die moontlike vrae

Hoofstuk 1

1.1. Daar is ’n berg en dit is vaal/dit is droog/dit is nie groen nie.
1.2. konnotatief
1.3. Hy weet nie waarvan hy praat nie/hy praat duidelik nie die waarheid nie/hy praat onsin.
1.4. ’n Mens verwag dat daar ’n berg is, maar daar is geen berg in sig nie. Dit is ook ironies omdat die bont vissershuisies veroorsaak dat die dorp allesbehalwe vaal is.
1.5. Die plek is vervelig/daar is niks om te doen nie.
2. Vaalberg is aan die Weskus geleë. Daar is bont vissershuisies waarin die paar inwoners bly. Almal is op ’n manier familie van mekaar.
3. vergelyking
4. Sy ouers hou iewers vakansie. Hy mag nie saam met hulle gegaan het nie en hulle (of sy ma) wou ook nie hê dat hy saam met vriende weggaan nie.
5. Hulle was al vantevore sonder hom van die huis af weg en hulle reis dikwels.
6.1. geld
6.2. Hy moet stilbly/niks sê nie.
7. Nee. Hy kom nie met haar oor die weg nie. Voor sy ma-hulle is sy vriendelik met hom, maar as hulle weg is, verdra sy hom net-net.
8. Waar. Cobie bly in Kuilsrivier/hy het net vir die vakansie by sy ouma op Vaalberg kom bly.
9. Hy mis die gejaag van die stad, sy vriende en die lekker tyd wat hulle saam kon hê. Hy mis ook die aanskakeling van die Kersliggies in Adderleystraat. Hy smag na enige vorm van vermaak – soos fliek.
10. Des het hom Namakwaland toe genooi, terwyl Harre hom Koelbaai toe genooi het.
11. Sy hare is lank (hy het ’n “boskasie”)/hy is baie harig.
12. 15
13. Hy het sy ouers geïgnoreer en dikbek na die bossies langs die pad gestaar.
14. personifikasie
15. Hy moet vir hom ’n stokperdjie kry of haar help om mossels in te lê.
16. “ ... die lelike pienk slippers wat **smeek** om af te tree.”
17. Sy is oumie Anna se huishulp.
18. Sy staar na hom (gee hom “lang kyke”), is altyd senuweeagtig rondom hom en gee vir hom agter Ouma se rug eetgoed.

19. Sy is lelik.
20. Jacobus. Hy glo sy vriende sal hom daaroor spot en dat dit die einde van sy reputasie sal beteken.
21. Dit is warm (veral in die kombuis waar mossels besig is om te kook) en sy is al lank besig om die mossels te bewerk/dit is harde werk.
22. suinigheid

23.1. Nee
23.2. Hy wil rook.

24. Hy moet geen draaie loop nie en oplet wat om hom aangaan.
25. Cobie dink nie daar kan enigiets gevaarliks op ’n stil plek soos Vaalberg wees nie.

Hoofstuk 2

1. (see)vis
2. ’n vienna gatsby
3. Die winkeltjie het weinig verander vandat hy ongeveer vyf jaar gelede daar was. Die naam is steeds in slordige sierskrif bo die winkel geverf.

4.1. die tweede
4.2. “... dit lyk of ekonomiese agteruitgang in ’n fabriek hier op Vaalberg **gestook** word ...”
4.3. 3
4.4. resessie
4.5. selfstandige naamwoord
4.6. resessies

5. vriende
6. Daar is geen rede dat iemand wat finansieel sukkel, soos Rooijan, vriende sal wees met ’n baie ryk (sake)man soos Donald Trump nie. So ’n persoon sal eerder iemand denkbeeldig, soos Donald Duck wat bloot ’n storiekarakter is en die gewone man op straat verteenwoordig, as vriend hê as ’n baie ryk persoon.
7. Die winkel is binne en buite verinneweer/verwaarloos.
   Die rakke is halfleeg.
   Daar is ’n stoflaag op die asyn wat suggereer dat daar nie baie voete is om produkte te koop nie.
   Daar is omtrent niemand in die winkel nie.
8. Hy kan nie Engels praat nie en die klant is Engels.
9. Dit is konnotatief. Dit beteken dat hy (moed) opgegee het.

10. Die klant soek aas, maar Rooijan weet nie hoe om in Engels te sê dat hy nie aas het nie. Uiteindelik sê hy dat hy nie “ass” het nie, instede van die korrekte woord “bait”, en die betekenis verander heeltemal.
11. Ja/Nee met ’n logiese motivering. Byvoorbeeld: Ja, ’n mens moet nooit die lewe te ernstig opneem nie./Nee, Rooijan is ’n volwassene en moet gerespekteer word.
12. Sy gesig is baie rooi.
13. Hulle is wit, want hy wonder of hulle dan nie gewoond is aan bruinmense (“bruinbrood”) as hulle hom aanstaar nie.
14. Waar die res van Vaalberg verwaarloos en armoedig lyk, is daardie deel goed ontwikkel en netjies opgeknap.
15. personifikasie
16. Hy was so haastig om te begin rook, dat hy nie sy omgewing bestudeer het nie. *(Vra vir leerders of dit dan nie juis een van oumie Anna se waarskuwings aan Cobie was nie.)*
17. Jy onderskat of flous hulle.
18. planne gefnuik/planne laat misluk
19. Hy raak ongemaklik/hy weet nie hoe om dit te hanteer nie en bloos.
20. wispelturigheid/buierig
21. As jy nie weet wat jou te doen staan nie, moet jy eerste iets sê wat ’n teenreaksie kan uitlok. Dit dwing die ander persoon om dan te reageer op wat jy sê en nie andersom nie.
22. Sy moet (weg)loop/huis toe gaan.
23. Haar aksent is Kaaps./Sy praat Kaaps.
24. Hy is nuuskierig en hy hoop dit is die afleiding wat hy kort om sy vakansie minder vervelig te maak.

Hoofstuk 3

1. Onwaar. Hy wonder altyd hoe die nuus van die dag hóm raak en verstaan nie hoe die ekonomiese aanwysers enigsins sy lewe beïnvloed nie.

2.1. personifikasie

2.2. Hy kan nie ophou om daaraan te dink nie.

3. Sy is ’n hele paar jaar ouer as hy/sy is te beterweterig volgens hom.
4. Hy het ’n reël dat hy nie met mense gesels wat hy nie ken nie, maar aanvaar nou haar uitnodiging.

5.1. ’n Selfoonnetwerk word geadverteer en ’n mens groet gewoonlik iemand oor jou foon voordat julle begin gesels.

5.2. aweh; hoezit

5.3. televisie

6.1. laugh(ing) out loud (Dit word gebruik om lag aan te dui.)
6.2. age sex location asseblief *(Alhoewel "kanalla" asseblief en dankie kan beteken, kan dit nie in hierdie konteks dankie insluit nie.)*
6.3. got to go
6.4. soentjies
7. Lady Zee verwys na "skelmroekers" en Zena het hom betrap toe hy skelm gerook het.
8. personifikasie
9. 'n metafoor

Hoofstuk 4

1. Jy staan vroeg op (uit die bed).
2.1. Hy voel half verdwaas.
2.2. Hy voel ontsteld/kwaad/Hy voel sy is vermetel en wil haar (eintlik "Lady Zee") van MXit afvee.
2.3. Hy begin met haar stry./Hy is aanvallend.
3. Zena is merkbaar ontsteld (sy "trek haar asem skerp in") toe sy hoor dat Lady Zee met Cobie kontak gemaak het.
4. Sy wil hê Cobie moet haar alles vertel oor die gesprekke tussen hom en Lady Zee, maar sy wil nie hê iemand moet hulle hoor nie.

Hoofstuk 5

1. Jy neem haar uit (en spandeer geld op haar).
2. Hy begin bloos.
3. Sy wil weet wat hy van Lady Zee weet.
4. Die afgelope paar weke se stres begin haar onderkry.
5. Dit pla haar baie en aanhoudend.
6. Sy vermoed sy lewe is in gevaar omdat die vaak apies hom dophou.
7. Sy is sy pa se suster, dus sy tante.

Hoofstuk 6

1. Hy het nie omgegee toe die dorings hom deur sy jeans gesteek het nie en hy is in 'n waas/hy weet nie wat om hom aangaan nie.
2.1. Sy gedagtes is baie deurmekaar.
2.2. Hy het vir die eerste keer uitgevind dat sy pa 'n suster het en hy is moontlik die teiken van 'n inbraaksindikaat.
3. Dit beteken om behoorlik met iemand af te reken.

4. Oop antwoord. Leerders moet wel logiese motiverings kan gee hoekom hulle so sal voel.
5. Onwaar. Hy onthou daar was maer jare of jare toe dit swaar met hulle gegaan het.
6. 'n 4x4 ('n viertrekvoertuig)
7. Wesbank
8. Sy pa maak baie geld, maar hy praat nie eintlik (daaroor) nie.
9. Kort voor jou aankoms is 'n sekuriteitswag vermoor.
10. Die arme man se kop **is** papgeslaan.
11. Sy is vanaf 'n Kaapse speurpolisietak Vaalberg toe gestuur om die inbraaksindikaat en die moord op 'n sekuriteitswag te probeer oplos.
12. verklik
13. Sy wil hom ontmoet.
14. Uitsteltegniek. Cobie weet nie wat vaak apies is nie en probeer al geruime tyd uitvind. Noudat dit lyk of hy uiteindelik gaan uitvind, is sy lugtyd op en moet hy tot die volgende oggend wag.

Hoofstuk 7

1. Hy het heelnag rondgerol. Toe die alarm sewe-uur/seweuur afgaan, voel dit of hy glad nie geslaap het nie.
2. personifikasie
3. Sy het kringe onder haar oë en haar klere is gekreukel.
4. 'n Mens sou nie verwag dat sy – wat baie te sê gehad het oor Cobie se rokery – self rook nie.
5. Zena onthou hom as 'n grapgat, maar Cobie glo sy pa is nie een vir grappies nie en hy kan nie eens onthou wanneer laas hy sy pa sien glimlag het nie.
6. Hulle is albei hardkoppig en Cobie lyk soos sy pa as hy kwaad word.
7. Sy luister af.

Hoofstuk 8

1. fantastiese/asemrowende/ongelooflike/panoramiese uitsig
2. In die aande word Vaalberg 'n tikparadys – 'n plek waar baie mense tik gebruik.
3. Dit verwys na tikgebruikers wat nie kan slaap nie omdat tik jou wakker hou. Omdat hulle nie kan slaap nie – en om hul tikverslawing te finansier – breek hulle by huise in.
4. tikkoppe; tjoefkoppe

5. Hulle weet sy het iets met die inbraaksindikaat te doen en hoop dat sy iets teenoor Cobie sal laat val en hulle dan so na die misdadigers sal lei.

6.1. Dit beteken om te protesteer.

6.2. Jy skop regtig met jou voete teen die motors.

7. Hy is astrant, soms ’n pyn in die dinges en bang vir niks nie.

Hoofstuk 9

1. Hy is op pad na die plaaslike *tavern* (kroeg).
2. Hy sê vir sy ouma dat hy by Zena ’n paar DVD’s gaan kyk.
3. Hy dink nie hulle gee genoeg om oor hom noudat hulle ryk en altyd met hul eie dinge doenig is nie.
4. kêrel
5. Cobie vergelyk sy gesig met ’n landkaart en noem hom in sy gedagtes “Tjappiesgesig”.
6. Dit is ’n gevaarlike Kaapse bende (wat ook vanuit die tronke werksaam is).
7. Sy tande is dalk geel (as gevolg van sy rokery of plaak) of dit lyk soos mieliepitte.
8. Kenny se asem stink./Sy asem ruik of hy nie gereeld sy tande borsel nie.
9. Hulle praat van vaak apies.
10. Stupa se Jaart in Saldanhabaai/Saldanha
11. Kenny se Beyoncé is brandmaer en lyk sieklik, maar die sangeres lyk gesond en fiks/het kurwes/is viets gebou/het rondinge.
12. Hy weet sy gaan verwag dat hulle afhaak, maar meisies soos sy het gewoonlik ’n hand vol siektes. Hy het ook geen voorbehoeding by hom nie en hy verkies om te wag vir die regte meisie.

Hoofstuk 10

1. Hy het baie drank gekoop (in ’n poging om nie alleen met Beyoncé gelaat te word nie). Later het Beyoncé saam met hom huis toe gestap en hulle het gevry.
2. Hy het haar wakker gemaak en oor sy pa gehuil.
3. Sy het sy ouers gebel om hom te kom haal.

Hoofstuk 11

1. Vaalberg is met ’n miskombers toegedraai.
2. wingerdgriep
3. Harold Wagenaar
4. Konnotatief. Dit beteken om oor kleinighede te gesels.
5. Nee. Sy is nie jammer oor die klap nie, want sy glo hy het dit verdien. Sy is wel jammer dat sy hom by die hele ondersoek betrek het.

Hoofstuk 12

1. 27 km (Dit is 15 km uit Vaalberg na Vredenburg en 12 km van daar na Saldanha.)
2. weggesteek
3. Hy weet nie wat daarbinne vir hom voorlê of wat om te verwag nie.
4. ’n geweer, mes of die een of ander wapen

5.1. Hy is allesbehalwe mooi, want sy gesig is vol diep littekens./Pretty is nie ’n tradisionele naam vir ’n groot man nie.

5.2. Pretty is groot en die dunnerige stem pas nie by so ’n reus nie.

6. beste vriend

Hoofstuk 13

1. Dit is ’n *classy* plek waar blou gloeilampies sagte beligting bied en waar tafeltjies so geplaas is dat gaste privaat en rustig kan kuier. Hy het iets heeltemal anders verwag./Hy het verwag dat dit ’n eenvoudige *common* plek gaan wees.
2. Hy ken hulle nie, maar huiwer nie om saam met hulle na ’n vreemde plek te gaan nie.
3. Kenny se pupille is reeds baie groot.
4. Hy hou homself met gevaarlike en verkeerde goed besig wat nie as onskuldige pret kan deurgaan nie. Hy is haar *pimp* wat haar help om haar lyf te verkoop sodat sy tik kan koop.
5. Haar ouers het haar uit die huis geskop nadat hulle nie meer haar getikkery kon hanteer nie. Haar stiefpa molesteer/verkrag haar, maar niemand glo haar nie omdat hy ’n pastoor is.
6. Kenny en What-What moet iets vir die *boss* gaan doen.
7. Sy het swanger geraak. (Die welsyn het die baba weggevat toe hy ses maande oud was.)
8. ’n polisieman
9. Lizette

Hoofstuk 14

1. Die digte mis het sy aandag vereis en as hy in Lizette se geselskap is, maak woorde nie saak nie.
2. Jy kan vir dae sukkel om te slaap.
3. Sy sê ’n *Townian* is die baasbrein. ’n *Townian* is iemand wat in Kaapstad (of in die voorstede van die stad) woon.
4. Hy was deel van die inbraaksindikaat.
5. Dit is soms al ding in die wêreld wat vir hom sin maak.
6. Tik veroorsaak dat hy baie ontspanne is en nie meer ordentlik op probleme wat hom in die gesig staar, kan fokus nie.

Hoofstuk 15

1.1. Mense tik weer om nie die newe-effekte van die tikmisbruik te voel nie.
1.2. Hy is ’n kenner, want hy het eerstehandse ervaring/hy tik self.
2.1. Rooikappie
2.2. Cobie se vergrote pupille is ’n duidelike bewys dat hy getik het.
3. Dit beteken om iemand in die rede te val.
4. ’n *Townian* of Kapenaar is die baasbrein agter die sindikaat.
5. Sy sê hy moet veilig by die huis bly en nie uitgaan nie.
6. Hy sien sy ma se motor aankom en besef hy is nog nie reg om deur haar gekonfronteer te word nie. Hy hardloop weg strand toe om sy kop skoon te kry.
7. Hy kan maar netsowel oop kaarte met Lizette speel.
   7.1. Jy vertel alles sodat jy geen geheime meer wegsteek nie.
   7.2. Sy voel hy het haar ook net gebruik en was nie regtig vriendelik met haar sonder bymotiewe nie.
8. Hy bestuur ’n 4x4 met ’n Manchester United-plakker op die agterruit.
9. sy tande
10. Kenny, What-What en nog ’n man kom by die strand aan waar Cobie en Lizette gesels. Kenny slaan Lizette met die vuis. Daarna slaan hy Cobie bewusteloos met ’n voorwerp.

Hoofstuk 16

1. Sy pa is die baasbrein agter die inbraaksindikaat.
2. Dit skei die eerste- en derdepersoonsvertelperspektief en dit beklemtoon dit wat Cobie dink (en hoe verward hy is).

3. Hy sou nie as verwer vir Cobie en sy ma ’n goeie lewe kon gee en hulle uit Wesbank kry nie.
4. Dit is ironies, want die pa self leef in ’n wêreld vol leuens.

5.1. saam met sy vriende

5.2. Dit was sy ma se idee.

6. Hy weet nie wat hy moet doen nie. Hy voel hy kan nie stilbly nie, want sy pa het ’n klompie jong lewens verwoes. As hy iemand daarvan vertel, gaan hy en sy ma sonder sy pa moet regkom.
7. Zena en ander polisielede

8.1. (geweer)koeël

8.2. Kenny

9. “’n Méns is dóód, Pa. Djy het bloed aan djou hande.” (bladsy 94) Dit is konnotatief. Dit beteken sy pa is vir ’n persoon se dood verantwoordelik.
   “Verdwaas staar hy na sy bloedbevlekte hand.” (bladsy 95) Dit is denotatief. Cobie is geskiet en letterlik vol bloed.

Hoofstuk 17

1. Dit is nou Kersdag (“Krismisoggend”), maar daar is glad nie daarna verwys in die vorige hoofstukke nie.
2. Dit speel by Cobie se huis in Kuilsrivier af.
3. Hy is dood. Hy is deur die polisielede doodgeskiet.
4. Sy pa het die meeste van sy geld by casino’s gewen en dit daarna belê. Slegs die geld wat hy uit die inbraaksindikaat gemaak het, sal op beslag gelê word.
5. Lizette het kom kuier.
6. Zena het vir haar ’n plek in ’n rehabilitasiesentrum naby Kraaifontein gekry en gereël dat sy die volgende jaar by oumie Anna kan bly en haar matriek kan voltooi.
7. Hulle is dieselfde persoon.
8. Kenny het ’n boekie gehad met sy nommer in.
9. Sy was desperaat dat die verkeerde goed waarmee Kenny-hulle besig was, gestop moes word, maar sy was te bang om self na die polisie te gaan. Sy het gehoop dat Cobie wel die saak sou aangee.
10. Terwyl jy lewe, is daar altyd hoop, selfs vir dwelmverslaafdes. Daar is altyd ’n omdraaikans om uit die dwelmgat te ontsnap.
11. Cobie besef nou dat dwelmgebruik nie so onskuldig is nie, maar jou lewe en ander om jou se lewe kan opmors. Hy sê vir sy ma: “Kyk dan waar het drugs ons gebring.” Hy besef sy pa het geld deur dwelmaktiwiteite ingebring, maar die geluk was net van korte duur.

Hy sê vir Lizette ’n mens moet dankbaar wees, maar hy kan nie anders as om nog oor dinge wat hom pla te wonder nie, byvoorbeeld die Lady Zee-karakter, die storie met sy pa en die jong kinders wie se lewe deur dwelms verwoes is. Hy sê later hy moes na haar laaste boodskap geluister het. Soveel dinge het intussen gebeur wat hom net weer herinner het “hoe bad die lewe kan uitdraai”.

E Notas oor literêre begrippe

Titel

Die roman se titel was eers “Cobie en die Vaak Apies”, maar die uitgewer, Lapa, het gevoel dat só ’n titel op jonger kinders gerig is en eerder die titel van ’n kinderboek sal wees.

Volgens die skrywer het *Gerook* ’n dubbele betekenis. In die eerste plek kan “gerook” verwys na ’n *state of mind* van iemand wat onder die invloed van die een of ander dwelmmiddel is. Dit kan egter ook verwys na die *vibe* by ’n partytjie, byvoorbeeld as iemand sê: “Dit het omtrent gerook by die partytjie wat ek bygewoon het.” Dit is dus verwysend na ’n lekker tyd wat hy of sy gehad het.

Tema

Eldridge Jason raak die gebruik en misbruik van tik aan, asook die gevolge daarvan en die uitwerkings wat tikverslaafdes op ’n mens se toekoms asook op jou familie het.

Die universele tema is dat dwelms jou lewe en jou drome vernietig, maar daar is altyd hoop om uit die dwelmstrik te kan ontsnap. ’n Mens maak net foute in die lewe as jy nie die foute as waardevolle lesse sien nie.

Vertellersperspektief en fokalisator

Die verhaal gebruik ’n **derdepersoonsverteller**. Dit is ’n verteller wat nie een van die karakters in die verhaal is nie. Die voordele van hierdie verteller is dat hy baie meer objektief die gebeure kan weergee. Hy kan alle karakters se emosies en gedagtes weergee.

In *Gerook* word die gebeure egter uit Cobie se oogpunt vertel. Hy is dus die **fokalisator**. Ons sien dus deur die verteller wat Cobie dink en voel en wat met hom gebeur.

Dit is belangrik dat Cobie – ’n Kaapse bruin seun – die fokalisator is, want hy verteenwoordig en dra die Kaapse bruin kultuur met oortuiging uit.

Standaardafrikaans wat deur die verteller gebruik word, word afgewissel met Cobie en ander karakters se **streektaal**. Cobie se dialoog is byvoorbeeld **Kaaps**. Kenmerkend is die **palatalisasie** (“djy”, “djou”, “djulle”), **ontronding** (“wiet” in plaas van “weet”), **klankweglating** (“kô” in plaas van “kom”), **assimilasie** (“oppie” in plaas van “op die”) en die gebruik van **Engelse woorde**.

Tydsverloop

Die verhaal begin redelik aan die begin van Cobie se Desembervakansie. Hy is alreeds verveeld met Playstation speel en sy ouers asook al sy vriende is al weg met vakansie. Hy weet ook nie hoe hy vir nóg drie weke gaan oorleef nie.

Die grootste gedeelte van die verhaal speel chronologies oor vier dae op Vaalberg af. Op 'n Donderdag word Cobie deur oumie Anna winkel toe gestuur, word hy deur Zena betrap dat hy skelm rook en maak Lady Zee met hom kontak. Die Vrydagaand gaan hy *tavern* toe, die Saterdagaand kuier hy saam met Kenny-hulle by Stupa se Jaart en die Sondag word hy deur Kenny bewusteloos geslaan en na sy pa geneem. Daar word hy geskiet. Daar word geen inligting oor die week wat daarop volg, verskaf nie, behalwe dat Cobie geopereer is. Die verhaal hervat op "Krismisoggend".

Karakterisering

Karakters word gekarakteriseer of uitgebeeld deur wat hulle doen, wat hulle sê en dink en hoe hulle dit sê, wat ander oor hulle sê, hul name en voorkoms en hoe hulle deur die verteller beskryf word.

Die hoofkarakter in die verhaal is **Cobie**, 'n Kaapse bruin tiener wat vyftien jaar oud is. Sy dialoog is in Kaaps en weerspieël dus die gemeenskap waarbinne hy grootword. As fokalisator kan sy gedagtes aan ons openbaar word.

Cobie kan as 'n **ronde karakter** beskou word omdat hy in die loop van die verhaal meer as een faset openbaar. Hy ontwikkel en kom tot insig. Hy besef later dat dwelmgebruik nie onskuldig is nie, maar jou en ander om jou se lewe kan opmors. Hy sê vir sy ma: "Kyk dan waar het drugs ons gebring." Hy besef sy pa het geld deur dwelmaktiwiteite ingebring, maar die geluk was net van korte duur. Hy sê vir Lizette 'n mens moet dankbaar wees, maar hy kan nie anders as om nog oor dinge wat hom pla te wonder nie, byvoorbeeld die Lady Zee-karakter, die storie met sy pa en die jong kinders wie se lewe deur dwelms verwoes is. Hy sê later hy moes na haar laaste boodskap geluister het. Soveel dinge het intussen gebeur wat hom net weer herinner het "hoe bad die lewe kan uitdraai".

Oumie Anna is nie 'n tipiese ouma-figuur nie. Sy is net vriendelik met Cobie as sy ouers by is en verder verdra sy hom net. Sy is lief daarvoor om mossels in te lê en sepies te kyk. Sy is oorgewig.

Oumie Anna is 'n voorbeeld van 'n **plat karakter**. Net een sy van haar persoonlikheid word aan die leser openbaar. Sy ondergaan nie

ontwikkeling nie en kom nie tot bepaalde insig nie. Sy gee aan Cobie die geleentheid om op ’n sekere manier op te tree. So kry Cobie kans om skelm te rook wanneer sy hom stuur om asyn te gaan koop.

Zena is sy pa, **Cobus**, se suster en is ’n speurder by ’n Kaapse polisietak. Haar buie verander binne sekondes. Cobie se pa het egter nooit vir hom vertel dat hy ’n tante het nie.

Cobus, sy pa, was ’n verwer, maar het begin dobbel en sy dobbelary en die inbraaksindikaat wat hy gelei het, het gemaak dat hy ’n goeie lewe vir sy gesin kon bied.

Cobie word deur **Lady Zee** gekontak, maar ons vind later uit dat Lady Zee en **Lizette** dieselfde persoon is. Sy het in moeilike omstandighede grootgeword en is onder andere deur haar oom en stiefpa verkrag. In graad 12 het sy swanger geraak en die skool verlaat. Haar baba is deur die welsyn weggeneem omdat sy tik gebruik het en haar ouers het haar uit die huis geskop. **Kenny** raak haar *pimp* en voed haar tikverslawing. Sy besef dat Kenny-hulle met verkeerde dinge besig is, maar sy is te bang om hom te gaan verklik. Sy maak aanvanklik met Zena kontak, maar uiteindelik kontak sy Cobie en sê vir hom dinge wat help om die baasbrein agter die inbraaksindikaat vas te trek.

F Praataktiwiteite

Forumbespreking (20 punte)

'n Forumbespreking is waar groepe debatteer oor 'n onderwerp. Die doel is om die onderwerp deeglik te bespreek en te ontleed en menings en inligting te deel.

Behandel die volgende formaat vooraf:

Elke groep bestaan uit vyf lede waarvan een as voorsitter optree. Twee moet saamstem met die onderwerp en twee nie.

Elke span kry vyf tot tien minute om voor te berei nadat 'n onderwerp aan hulle gegee is. Spanne besluit self watter verskillende aspekte van die onderwerp bespreek kan word.

Die voorsitter skryf 'n treffende inleiding neer en ontleed/definieer die onderwerp. Besluit ook vooraf watter spanlid eerste aan die woord gestel gaan word.

Nadat die voorbereidingstyd verstreke is, gaan staan die span by hul stoele, wat in 'n halfmaan gerangskik is. Die voorsitter stel die span voor, byvoorbeeld: "Goeiemôre. Ek wil graag my span aan julle voorstel. Aan my regterkant is Nico en Susan, aan my linkerkant is Luke en Amber, en ek is Michelle." Die spanlede, behalwe die voorsitter, gaan sit.

Die voorsitter gee die inleiding en ontleding, gaan sit, kyk na een van die spanlede en vra byvoorbeeld: "Nico, wat is jou mening oor ...?"

Die voorsitter moet sorg dat verskillende aspekte van die saak bespreek word en dat die span nie vashaak by 'n enkele aspek nie. Hy/sy lok ook al die spanlede uit om aan die bespreking deel te neem, maar moet ook keer dat elkeen "mini-toesprakies" afsteek. Die fokus is op 'n spanbespreking van die onderwerp.

Die spanlede kyk na mekaar en reageer op mekaar se menings, byvoorbeeld: "Ek weet darem nie, Susan. Ek stem saam met Luke en die rede waarom ek so sê, is omdat ..." Daar moet gretig gereageer word, sonder om mekaar onbeskof in die rede te val.

Wanneer die tyd byna verstreke is, staan die voorsitter op en vat die bespreking saam, byvoorbeeld: "Dames en here, soos u kan aflei, kon ons span glad nie saamstem oor die kwessie van ... nie. Waaroor ons wel saamstem, is dat ..." Die voorsitter se samevatting moet verkieslik by die inleiding aansluit.

Moontlike onderwerpe:

1. Is dit aanvaarbaar dat 'n verhaal wat nie in Standaardafrikaans geskryf is nie, soos *Gerook*, in die klas voorgelees en as letterkundige werk bestudeer word?

2. Moet ouers soms sonder hul kinders vakansie gaan hou?
3. Wat is die belangrikste: materiële rykdom of hegte familieverhoudinge?
4. Die polisie gebruik soms mense as lokaas. Is dit aanvaarbaar om iemand se lewe op die spel te plaas net om ’n misdaad op te los of ’n misdadiger vas te trek?
5. Moet kinders toegelaat word om vakansietye saam met hul vriende weg te gaan eerder as om tyd saam met die familie deur te bring?
6. Wat moet die reëling in skole wees as ’n leerder swanger raak? Moet sy eerder skool los of moet die skool haar akkommodeer?
7. Is tik(misbruik) een van die aktuele kwessies waarmee die moderne tiener gekonfronteer word?
8. ’n Plattelandse Weskusdorpie – soos Vaalberg – hou soms ’n groter bekoring as die stad in.

Forumbespreking: Assesseringskaal

	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak
Onderwerphantering: Inleiding (bekendstelling en ontleding) en die slot (samevatting en gevolgtrekking). / Oortuigende argumente: motivering en voorbeelde. / Eie mening logies en gemotiveerd.	**5-4**	**2**	**1**	
Spanwerk en interaksie met ander. / Luister en reageer op mekaar.	**5**	**3-4**	**2**	**1**
Sprankelende of gepaste **woordeskat** en **taalgebruik**	**5**	**3-4**	**2**	**1**
Helderheid, verstaanbaarheid en **stemprojeksie; geesdrif**	**5**	**3-4**	**2**	**1**

TOTAAL: _____ uit 20.

G Skryfaktiwiteite

Aan die einde van hierdie gids is rubrieke ingesluit waarvolgens hierdie take geassesseer kan word.

Opstelle

1. Skryf ’n **verhalende opstel** waardeur jy aan die leser wil oordra dat daar altyd hoop is. Voorsien jou opstel van ’n titel.
2. Skryf ’n **beskrywende opstel** waarin jy jou gunstelingdorpie en sy inwoners beskryf. Voorsien jou opstel van ’n titel.

Onderhoud

’n Onderhoud kan ook as ’n praataktiwiteit aangebied word.

1. Voer ’n onderhoud met Cobus Willemse, Cobie se pa, oor hoe dinge in ’n mens se lewe verkeerd kan loop as jy op skelm maniere finansiële sukses probeer bereik.
2. Voer ’n onderhoud met Lizette Lewis oor die gevare van tik, maar ook oor die hoop wat daar wel vir tikverslaafdes bestaan om uit die tikstrik te kan ontsnap.
3. Jy is ’n joernalis van *Vaalberg Nuus*, die plaaslike koerant. Voer ’n onderhoud met Zena Willemse oor die vaak apies en hul betrokkenheid by die inbraaksindikaat op Vaalberg.

Let wel: Alhoewel Kaapse Afrikaans in die tienerroman gebruik word, moet jou onderhoud in Standaardafrikaans geskryf word.

Dagboekinskrywing

Hierdie skryfopdrag kan as ’n lekker kreatiewe verrykingsaktiwiteit gebruik word.

Skryf ’n dagboekinskrywing vir elkeen van die volgende karakters:

1. **Cobie** nadat hy geskiet is en sy pa in hegtenis geneem is omdat hy die baasbrein agter die inbraaksindikaat is
2. **Cobus**, Cobie se pa, terwyl hy in die tronk sit oor die redes hoekom hy by verkeerde dinge betrokke geraak het
3. **Lizette** oor hoe daar tog uitkoms en hoop uit enige situasie bestaan

Koerantberig

Jy is ’n joernalis van *Vaalberg Nuus*, die plaaslike koerant. Skryf ’n berig oor die inbraaksindikaat wat oopgevlek is. Gee jou eie kop.

Informele brief

1. Jy is Cobus, Cobie se pa. Skryf ’n brief aan jou gesin om hulle om verskoning te vra vir alles wat verkeerd gegaan het en om te probeer verduidelik hoekom jy by onwettige dinge betrokke geraak het.
2. Jy is Cobie. Skryf ’n brief aan jou pa waarin jy verduidelik dat geld nie die belangrikste ding in die lewe is nie, maar dat jy eerder sy liefde en ondersteuning sal wil hê. Sê hoe jy oor hom en die hele situasie voel.

H ’n Onderhoud met Eldrige Jason

Die volgende onderhoud het in 2014 se tweede uitgawe van *Die Herout*, skoolkoerant van die Hoërskool D.F. Malan, verskyn.

Het jy al Gerook?

Michelle Huskisson

Eldridge Jason se debuutroman, *Gerook*, is gedurende 2014 vir die graad 8’s van die Hoërskool D.F. Malan voorgeskryf.

Eldridge Jason is oorspronklik van die Weskusdorpie Paternoster – waarop Vaalberg gebaseer is – maar die afgelope jare woon hy saam met sy vrou, Winnie, en hul seun, Danté, in Kuilsrivier.

Hy vertel dat hy nog altyd wou skryf en ná skool het hy joernalistiek gaan studeer.

Die verhaal van Cobie het ses jaar in sy kop gebroei voordat hy in 2010 met *Gerook* begin het. Dit het hom drie maande geneem om dit te voltooi.

Michelle Huskisson het vir hom ’n paar vrae gevra.

Wat is die storie agter die titel? Hoe het u en die uitgewer op *Gerook* besluit en waarna kan dit alles verwys?

Gerook was een van talle voorstelle wat Lapa vir die titel gehad het. My aanvanklike titel was “Cobie en die Vaak Apies”, maar daar is gevoel dat só ’n titel veel meer van toepassing op ’n jonger mark is. *Gerook* was die een voorstel wat die meeste aanklank by my gevind het, juis vanweë sy dubbele betekenis. In die eerste plek kan “gerook” verwys na ’n *state of mind* van iemand wat onder die invloed van die een of ander dwelmmiddel is. Dit kan egter ook verwys na die *vibe* by ’n partytjie, as iemand byvoorbeeld sê: “Dit het omtrent gerook by die partytjie wat ek bygewoon het.” Dus verwysend na ’n lekker tyd wat hy of sy gehad het.

Waarom speel die boek op ’n klein Weskusdorpie af? Sou die besige Kaapstad of ’n voorstad soos Kuilsrivier nie ook die tema kon oordra nie?

Een van my Afrikaanslektore se raad jare gelede aan my was om te skryf oor dit wat ek ken. Ek is nou wel die afgelope dekade woonagtig in die Kaap, maar ek ken die Weskus soos die palm van my hand. Dit was dus veel makliker vir my om die tonele in die boek in gemeenskappe waarmee ek vertroud is, te laat afspeel. Deesdae is veral tik ’n groot kopseer in plattelandse gemeenskappe. Hierdie was ook vir my ’n geleentheid om

te wys dat dit nie net die kinders van die stedelike omtes is wat blootgestel word aan euwels nie, maar dat die platteland en sy onskuld deesdae vrugbare teelgrond vir gewetenlose dwelmsmokkelaars is.

Wat is die rede dat die karakters se woorde in Kaapse Afrikaans weergegee word en nie in Standaardafrikaans nie?
Dit was vir my belangrik dat die karakters so realisties as moontlik is. Na my mening verskyn daar gans te min boeke wat die eie-kultuur van 'n sekere gemeenskap weerspieël. Cobie is oorspronklik van die Kaap en praat Kaapse Afrikaans. Dit sou nie sin maak om, sy agtergrond in ag geneem, hom in Standaardafrikaans te laat praat nie. Kaapse Afrikaans verleen, na my beskeie mening, kleur aan Afrikaans en dit was 'n perfekte geleentheid om die twee taalvariante kragte te laat saamsnoer.

Het u doelbewus 'n derdepersoon- in plaas van 'n eerstepersoonsverteller gekies?
Ek wil glo dat die skep van 'n derdepersoonsverteller nie doelbewus was nie. Dit was belangrik vir my om die storie so vryvloeiend as moontlik te vertel, maar nie op só 'n manier dat alles net vanuit 'n eerstepersoonsverteller se oogpunt gesien moet word nie. Ek wou die leser van "buite" af na die dwelmsituasie en -gevare laat kyk met die hoop dat jy vanuit 'n "betere" hoek 'n beter *understanding* van tik en sy gevare kan hê.

Is daar enige ooreenkomste tussen u en die hoofkarakter Cobie?
Die Cobie-karakter is skaamteloos op 'n jonger ek geskoei. Die hardkoppigheid, eiewysheid, nuuskierigheid ... Ek dink dis maar elemente wat ons almal as jongmense in ons het en ek wou hê Cobie moet 'n doodnormale karakter wees waarmee die leser kan vereenselwig.

In onderhoude het u genoem dat u die boek grotendeels uit eie ervaring rakende tikgebruik geskryf het. Het u egter ook ervaring met inbraaksindikate wat deur dwelmverslawing gedryf word?
Baie van die *dodgy* karakters waarmee ek destyds uitgehang het, was (en is in baie gevalle steeds) aktief by inbrake betrokke. Terwyl ek veels te veel tyd saam met hulle deurgebring het, het ek 'n kykie gekry op die manier hoe hulle *operate* en wat in daardie koppe aangaan wanneer hulle beplan om by plekke in te breek. Maar genadiglik was ek nie aktief by dié inbrake betrokke nie omdat ek darem veels te veel glo dat mense hard en op die eerlike manier werk om aan hul besittings te kom.

Die boek stel kinders bloot aan dwelms (veral dagga en tik), alkohol en kroeë. Bestaan die gevaar nie dat die leser, veral 'n jong kind, negatief beïnvloed sal word deur byvoorbeeld nuuskierig te wees en dan met hierdie dinge te gaan eksperimenteer nie?
Gerook gaan nie oor die verheerliking van *drugs* nie – gelukkig was dit nooit die bedoeling van die boek nie. Dit is daarop gemik om veral jongmense te waarsku oor die gevare van *drugs* en wat verkeerd kan loop as jou paadjie dié van dwelms kruis. Hopelik sien jongmense dit só en sien dit nie as 'n verskoning om met dwelms te eksperimenteer nie.

In *Gerook* word daar nooit direk of sterk teen dwelmmisbruik gepreek nie, en dit is asof die positiewe gevolge van tikgebruik (byvoorbeeld dat jy van jou sorge vergeet) op die voorgrond staan. Het u dit met 'n doel gedoen?
Ek sê altyd vir mense dat ek nog nooit van 'n geprekery gehou het nie. Dís hoekom dit belangrik vir my was om seker te maak dat die verhaal die boodskap oordra, eerder as om vir mense te sê: tik is *bad*, bly weg! Dit is belangrik vir jongmense om te verstaan dat die euforie wat dwelms bring 'n klug is. Dit laat nie jou probleme verdwyn nie en jy is *anyway* slegter daaraan toe as wat jy sou gewees het as jy jou uitdagings op 'n sober manier aangepak het. Dwelms was nog nooit en sal ook nooit die antwoord op jou probleme wees nie. En dis nie nodig dat ons almal daai les op die harde manier hoef te leer nie. Ons is hier op aarde om van mekaar te leer, foute ingesluit, en dis tyd dat veral jongmense dit verstaan en die belangrikheid aan die realisering van hul drome heg. Daar is niks positief aan *drugs* nie. 'n Gebruiker mag dalk tydens 'n *trip* voel of hy die kruin van die lewe ry, maar *eventually* ry *drugs* 'n gebruiker oor die afgrond.

Dink jy jou werk as joernalis het 'n invloed op jou skryfstyl?
In 'n mate, ja. Ek is byna elke dag in die veld en doen elke dag stories waarby daar dwelms betrokke is. Ek ervaar dus eerstehands die verwoestende effek en impak van dwelms op ons jeug, hul families en onmiddellike gemeenskap. Dit is *sad* om te sien hoe die jeug en hul potensiaal onder dwelms gebuk gaan en ek wou 'n boek skryf en veral tieners daaraan herinner dat dwelms niks anders as 'n *dream killer* is nie. Nêrens hoor jy van 'n suksesvolle sakeman wat die kruin van die golf ry en steeds dwelms gebruik nie. Dwelms vat jou net een plek toe: oor die afgrond.

As u een wenk vir voornemende skrywers (of leerders wat goeie opstelpunte wil behaal) moet gee, wat sal dit wees?
Lees, lees, lees ... Ek kan dit nie genoeg benadruk oor hoe belangrik lees vir die ontwikkeling van ’n mens se skryfvermoë én kreatiwiteit is nie. Iemand wat van lees hou, is iemand wat van droom hou. En iemand wat ’n droom het, het ’n kompas om sukses in die lewe te behaal.

Dames en here, hou julle oë en ore oop, want Eldridge Jason is besig met sy tweede opwindende boek wat definitief ook ’n groot sukses gaan wees.

RUBRIEK: KREATIEWE OPSTEL – 40 punte of 40 ÷ 2 = 20 punte

Prestasie-aanduiders	**KODE 7 Uitmuntend** 80-100%	**KODE 6 Verdienstelik** 70-79%	**KODE 5 Beduidend** 60-69%	**KODE 4 Voldoende** 50-59%	**KODE 3 Matig** 40-49%	**KODE 2 Basies** 30-39%	**KODE 1 Ontoereikend** 00-29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 25 PUNTE	**20-25** Inhoud hoog-staande en baie oorspronklik Idees stem jou tot nadenke; uitdagend, uitgebreid, volwasse Beplanning: bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbied van 'n foutlose opstel	**18-19** Inhoud oor-spronklik en prysenswaardig Idees verbeel-dingryk en interessant Beplanning: bewys van be-planning en/of konsep daarvan lei tot die aan-bieding van 'n vernuftige opstel	**16-17** Inhoud goed, gegrond, redelik samehangend Idees interessant en oortuigend Beplanning: bewys van be-planning en/of konsep daarvan lei tot die aan-bieding van 'n goeie opstel	**13-15** Inhoud toepaslik geskik, voldoen-de samehangend Idees taamlik oorspronklik, relevant Beplanning: bewys van be-planning en/of konsep daar-van lei tot die aanbieding van 'n bevredigende opstel.	**11-12** Inhoud middel-matig en ge-woon. Leemtes in samehang Idees meest-al toepaslik, beperkte oor-spronklikheid Beplanning: bewys van be-planning en/of konsep daar-van lei tot die aanbieding van 'n aanvaarbare opstel	**9-10** Inhoud nie altyd duidelik nie; samehang ont-breek meer Min idees, ge-reelde herhaling Beplanning ont-breek/ is onaan-vaarbaar omdat dit ontoepaslik is. Konsep lei tot 'n onaanvaarbare opstel	**0-8** Inhoud grootliks irrelevant; nie van toepassing nie, geen same-hang nie Idees vervelig en herhalend, nie gerig op on-derwerp nie Beplanning ontbreek, of is ontoereikend. Die opstel is swak aangebied en saamgestel.

TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	**10** Krities bewus van taalimpak Taal en punktuasie is effektief gebruik. Gebruik gevorderde en gepaste figuurlike taal Woordkeuse is uitsonderlik, gevorderd en uitgebreid Styl, toon en register is hoogs toepaslik vir die onderwerp Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering	**9** Duidelik bewus van taalimpak Taal en punktuasie korrek; gebruik knap figuurlike taal Woordkeuse gevarieerd en kreatief Styl, toon en register geskik vir onderwerp Teks grootliks foutvry na proeflees en redigering	**7-8** Steeds bewus van taalimpak Taal en punktuasie meestal korrek Woordkeuse gepas vir teks Styl, toon en register toepaslik vir onderwerp Teks meestal foutvry na proeflees en redigering	**5-6** Soms is daar tekens van kritiese taalbewustheid Taal eenvoudig; punktuasie voldoende Woordkeuse voldoende Styl, toon en register is oor die algemeen gepas Teks het steeds foute na proeflees en redigering	**3-4** Beperkte aanduidings van kritiese taalbewustheid Taal middelmatig; punktuasie word dikwels verkeerd gebruik Woordkeuse basies Styl, toon en register ontbreek aan samehang Teks het baie foute na proeflees en redigering	**2** Geen kritiese taalbewustheid Taal en punktuasie vol foute Woordkeuse beperk Styl, toon en register ontoepaslik Teks wemel van foute na proeflees en redigering	**0-1** Taal en punktuasie uiters swak Woordkeuse nie geskik nie/ ontoepaslik Styl, toon en register in alle opsigte gebrekkig Teks wemel van foute en is steeds deurmekaar na proeflees en redigering 'n Frustrerende leesinspanning

STRUKTUUR 5 PUNTE	**5** Samehangende ontwikkeling van die onderwerp Hoogstaande en helder besonderhede Sinne en paragrawe is briljant saamgestel Lengte in ooreenstemming met vereistes van tema	**4½** Logiese ontwikkeling van inhoud, samehangend Sinne en paragrawe logies en gevarieerd Lengte korrek	**4** Verskeie toepaslike besonderhede is ontwikkel Sinne en paragrawe is goed saamgestel Lengte korrek	**3** By sommige aspekte is daar ontwikkeling van die nodige besonderhede Sinne en paragrawe kan plekplek foutief wees, maar die opstel maak nog sin Lengte is byna korrek	**2** Die nodigste besonderhde is teenwoordig Sinne en paragrawe is meermale foutief, maar die opstel maak nog sin Lengte: te lank/kort	**1½** Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie, maar gedagtegang kan gevolg word Elementêre konstruksie van sinne en paragrawe Lengte: te lank/kort	**0-1** Onderwerp misgetas, nie ter sake nie, geen samehang nie, dwaal van die onderwerp af Sinne en paragrawe sonder samehang en inkonsekwent Lengte is heeltemal te lank/kort

TRANSAKSIONELE TEKSTE – 20 punte of 20 ÷ 2 = 10 punte

Prestasie-aanduiders	**KODE 7** **Uitmuntend** 80-100%	**KODE 6** **Verdienstelik** 70-79%	**KODE 5** **Beduidend** 60-69%	**KODE 4** **Voldoende** 50-59%	**KODE 3** **Matig** 40-49%	**KODE 2** **Basies** 30-39%	**KODE 1** **Ontoereikend** 0-29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 25 PUNTE	**20-25** Uitgebreide, gespesialiseerde kennis van die vereistes van die teks Gedissiplineerde skryfwerk – leerder fokus presies op die aanbieding, geen afwyking Algehele samehang wat inhoud en idees betref, hoogstaande uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp	**18-19** Baie goeie kennis van die vereistes van die teks Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus op die aanbieding, geen afwykings Die teks is samehangend wat inhoud en idees betref, baie goeie uitbreiding, al die besonderhede ondersteun die onderwerp	**16-17** Goeie kennis van die vereistes van die teks Die leerder behou fokus in die skryfwerk, met geringe afwykings Die teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding kom voor en die besonderhede ondersteun die onderwerp	**13-15** Voldoende kennis van die vereistes van die teks Die leerder se fokus wyk af, maar dit belemmer nie betekenis nie Die teks is voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding kom voor en die besonderhede ondersteun die onderwerp	**11-12** Matige kennis van die vereistes van die teks. Respons op opdrag vertoon beperkte fokus Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek vaag Die teks is nog samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun wel die onderwerp	**9-10** Basiese kennis van die vereistes van die teks. Reaksie op die opdrag vertoon ’n baie beperkte fokus Die leerder wyk af van die opdrag en die betekenis plek-plek nie van toepassing nie Inhoud en idees van die teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp	**0-8** Geen kennis van die vereistes van die teks. Respons op die opdrag vertoon byna geen fokus nie Die leerder wyk van die opdrag af en die betekenis van die teks is nie van toepassing nie Inhoud en idees is onsamehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp

	Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van ’n foutlose en goed beplande teks Formaat is toepaslik, van hoogstaande gehalte	Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van ’n baie goed beplande en saamgestelde teks Noodsaaklike reëls van die formaat is baie goed toegepas	Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van ’n goed beplande teks Noodsaaklike reëls van die formaat is goed toegepas	Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van ’n bevredigende teks Voldoen aan formaatvereistes van die teks, enkele foute	Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot die aanbieding van ’n aanvaarbare teks Noodsaaklikreëls van die formaat genoegsaam toegepas, nalatige foute	Beplanning ontbreek of is onaanvaarbaar omdat dit ontoepaslik is Het ’n vae idee van die teksformaat, maar growwe foute is gemaak	Beplanning ontbreek of is ontoereikend; teks is swak aangebied Teksformaat is nie toegepas nie

TAAL, STYL EN REDIGERING 15 PUNTE	**13-15** Teks grammatikaal korrek en briljant saamgestel Woordkeuse is van hoogstaande standaard en is uiters geskik vir die doel, teikengroep en konteks Styl, toon en register is van hoogstaande standaard en hoogs toepaslik Na proeflees en redigering is die teks feitlik foutvry Lengte korrek	**11-12** Teks is baie goed saamgestel en korrek Woordkeuse is baie geskik vir die doel, teikengroep en konteks Styl, toon en register is toepaslik vir die vereistes van die teks Na proeflees en redigering is die teks grootliks foutvry Lengte korrek	**10** Teks is goed saamgestel en lees maklik Woordkeuse is toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks Styl, toon en register is meestal toepaslik Na proeflees en redigering is die teks meestal foutvry Lengte korrek	**9** Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie die leesbaarheid nie Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks Styl, toon en register is taamlik toepaslik Na proeflees en redigering het die teks foute Lengte byna korrek	**8** Teks net basies saamgestel. Verskeie foute Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks nie Gebreke in styl, toon en register Na proeflees en redigering het die teks verskeie foute Lengte te lank/ kort	**6-7** Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg Woordkeuse het remediëring nodig en is nie toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks nie Styl, toon en register is nie geskik nie Die teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering Lengte te lank/ kort	**0-5** Teks baie swak saamgestel en baie moeilik om te volg Woordkeuse het ernstige aandag nodig en is nie geskik vir die doel, teikengroep en gehoor nie Styl, toon en register korrespondeer nie met die onderwerp nie Teks is besaai met foute en is deurmekaar ten spyte van proeflees en redigering Lengte is heeltemal te lank/kort